



Geagte graad 3 ouers,

Hiermee wil ons julle graag verwelkom by Graad 3. Ons is baie opgewonde om jul kinders se vordering te sien in 2021. Ons gee ook belangrike inligting in hierdie brief aan julle deur.

Die leerders moet asseblief in die oggende by hek 7 afgelaai word tussen 7:00 en 7:25. Hulle sal daar gesaniteer word en loop dan op die blou kolle tot by hul klas waar hul juffrou hulle sal ontvang. Hek 7 is by die rugbyveld. Die graad 3's kom Maandae tot Donderdae 13:40 uit. Vrydae kom die skool 13:00 uit en mag die leerders Swarrie klere aantrek. Ons loop saam met die kinders tot by hek 7 waar julle hulle kan oplaai. Die hek word stiptelik 14:00 gesluit waarna u, u kind by die kantoor sal moet kry.

Wanneer die leerders verjaar, mag hulle gewone klere aantrek skool toe. Hulle mag ook as hulle wil ietsie vir die klas saambring. Ons verkies dat dit 'n toe pakkie lekkers soos "chips" of iets soortgelyks is.

Die leerders gaan elke Maandag 'n nuwe huiswerkbladsy ontvang. Die spelwoorde en maaltafels moet in hul huiswerkboeke geoefen word. Hulle kry een van hul boeke om oor te trek soos wat hulle wil wat hul huiswerkboek word. Ons gaan alle huiswerk kontroleer (die huiswerk wat in die departementele boeke gedoen moet word, word ook gekontroleer). Die kinders gaan Vrydae 'n speltoets skryf oor die week se spelwoorde. Daar sal ook op die huiswerkbladsy staan of die kinders enige iets moet saambring vir kuns. Kuns word gewoonlik op 'n Vrydag gedoen.

Die volgende goed moet asseblief elke dag by die skool wees:

- Alle skryfbehoeftes (maak asseblief seker dat dit gemerk is)
- Huiswerkboek
- Dagboek
- Leesboeke (Afrikaans en Engels)
- Spel-en-Tel boek
- Departementele boeke (4 boeke)
- Woordeboekie



Die dagboek word gebruik om belangrike inligting by u uit te kry. Kyk asseblief gereeld daarin.

Kontak asseblief u kind se onderwyser oordeelkundig. U kan gerus afsprake via e-pos maak.

Die leerders word deurlopend geassesseer. Laat weet asseblief u kind se onderwyser indien hy/sy nie by die skool kan wees nie aangesien die assessering ingehaal moet word. Die slaagvereistes is: Afrikaans – 4(50%), Engels – 3(40%) en Wiskunde – 3(40%). Die konsepte wat geassesseer word se videos word weekliks op MS Teams gelaai. Dit kan die leerders help om voorbereid te wees vir die assessering of as hulle met die spesifieke konsep sukkel. Wys asseblief die videos vir u kind.

Die kinders gaan elke kwartaal 2 praatjies moet kom lewer (1 Afrikaans en 1 Engels). Die praatjies moet tussen 1 en 2 minute wees en hulle moet kaartjies by hulle hê. Hulle mag ook prentjies oor die tema saambring as hulle sou wil. Die eerste kwartaal se temas is as volg:

- Afrikaans – Die leerders kan kies tussen een van die drie temas: kaalvoet, wonder en fees.
- Engels – “Why do we have classroom rules?”

Snoepiegeld moet asseblief oordeelkundig gegee word. Ons vra ook dat die kinders nie te veel lekkers sal in kry vir pouse nie.

Vriendelike groete,
Graad 3 onderwyseresse

Rizanne Korf – rizanne.korf@laerskoolswartkop.co.za

Elria Geerlings – elria.geerlings@laerskoolswartkop.co.za

Meleney Barnes – meleney.barnes@laerskoolswartkop.co.za

Suzet Groenewald – suzet.groenewald@laerskoolswartkop.co.za

